

Uitgestelde Dag Zero beteken nie ons hoef nie meer water te spaar nie

As Dag Zero wel aanbreek, hoe sal my versekering geraak word? Antwoorde op jou vrae

Kapenaars is al maande lank besig om hul voor te berei vir Dag Zero. Selfs al is dit nou nog verder aangeskuif, is die stad Kaapstad nog steeds afhanklik van reënval en voortgesette waterbesparings om Dag Zero vry te spring. Die knellende droogte in die Noord- en Oos-Kaap het ook nog nie sy greep verslap nie. Hoewel die bedreiging van die uitputting van waterbronne nie deur die hele land in die gesig gestaar word nie, is die droogte wêreldwyd in die nuus, en mede-Suid-Afrikaners het meer bewus geword van hul waterverbruik.

Jy het waarskynlik verskeie vrae oor hoe jou versekering deur 'n droogte geraak kan word, selfs al woon jy nie in die Kaapprovinsies nie. Hierdie nuusbrief fokus op van die algemeenste vrae. Indien die munisipale krane opdroog, is dit die beste om voorbereid te wees.

Wat gebeur as 'n brand by my eiendom ontstaan en die water is af – sal ek vir skade gedek word?

Volgens die nasionale bouregulasies is dit individue en besighede se verantwoordelikheid om brandbestrydingstoerusting (soos brandblussers), brandpompe en watertenks te voorsien, na te gaan en in stand te hou. Hierdie maatreëls word ook vir versekeringsdekking vereis. Indien 'n brandbestryder nie by jou kan uitkom nie en jy nie 'n brandblusser het wat werk nie, is die kanse groot dat jou eis afgewys sal word.

Vir besighede sal dit wys wees om sekere werknemers op te lei om brandblussers te gebruik, en seker te maak almal weet wat om te doen wanneer 'n brand ontstaan. Maak ook seker – ongeag of dit by die huis of by die werk is – dat elektriese probleme onmiddellik uitgesorteer word. Laat infrarooi-inspeksies op elektrisiteitverspreidingstoerusting in 'n kommersiële of landbou-omgewing doen (dit moet in elk geval jaarliks gedoen word). Maak ook gebruik van brandpaaie en verwyder plantegroei – veral dooie plante – om te voorkom dat die brand versprei.

Kan my geiser beskadig word as die water af is – en sal dit gedek word?

Ongelukkig kan dit soms skade veroorsaak wanneer watertoevoer na 'n geiser skielik beperk word. Om aan die voorwaardes van jou versekeringsdekking te voldoen, moet al jou geisers, loodgieterswerk en elektriese toebehore deur 'n geakkrediteerde professionele persoon geïnstalleer wees. Skade omdat watertoevoer weens 'n droogte afgesny word, sal waarskynlik nie gedek word nie, maar eise mag volgens meriete beoordeel word. Dit is miskien 'n goeie idee om jou geiser af te skakel as jy vir 'n dag of langer weggaan, sodat dit nie te groot skade aanrig wanneer water skielik afgesny word nie.

Die stad Kaapstad beveel ook aan dat inwoners hul waterstopkrane aanpas, wat sal help om waterdruk te verminder en enige moontlike skade tot die minimum te beperk indien die watertoevoer tydelik of skielik onderbreek word.

Kan ek my waterbesparingstoerusting verseker?

Baie mense het in waterbesparingstoestelle en -stelsels vir huishoudelike en/of kommersiële gebruik belê – soos JoJo-tenks en boorgate, los en vaste toebehore in badkamers of kombuise, en besproeiingstelsels vir gryswater om na buite te vloei. Enige van en al hierdie toevoegings behoort by jou inhoud- of geboueversekering ingesluit te word.

Hoewel jy nie die items hoef te spesifiseer nie, moet hul werklike vervangingswaarde by jou totale versekerde bedrag vir inhoud of geboue ingereken word om seker te maak hulle word teen skade gedek. (Dit kan 'n goeie geleentheid wees om dubbeld seker te maak dat jou inhoud- en geboueversekering voldoende is vir jou behoeftes.)

Ek hoef tog seker net my besigheid teen verliese weens die waterkrisis te verseker, of hoe?

Droogtes word binne die versekeringskonteks as natuurrampe beskou, en dekking is daarom betwisbaar. Dekking vir sakeonderbrekings en winsverlies is ongelukkig nie in hierdie geval geldig nie, wat dit nog belangriker maak dat ons Dag Zero probeer vermy. Alle besighede maak in 'n mindere of meerdere mate staat op water.

'n Volledige risiko-evaluering van jou huis en kantoor sal baie help om risiko's vroeg te verminder. Dit sal beteken jy is beter voorbereid indien Dag Zero sou aanbreek. Gesels asseblief met jou adviseur as jy enige spesifieke kwessies of ander vrae oor jou dekking het.

Die inligting in hierdie dokument is algemene inligting. Dit is nie finansiële, belasting-, regs- of beleggingsadvies nie en die maatskappye in die PSG Konsult Groep waarborg nie die geskiktheid of potensiële waarde daarvan nie. Aangesien individuele behoeftes en risikoprofiele verskil, stel ons voor dat jy jou gekwalifiseerde finansiële adviseur raadpleeg indien nodig. Geaffilieerdes van die PSG Konsult Groep is gemagtigde finansiële diensverskaffers. PSG Insure is 'n divisie van PSG Konsult Beperk.